
# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

## Mei / Junie 2017



**David Sadie**
**Gebore - 01/04/1926**
**Oorlede - 02/02/2017**



**Danie Visser**
**Gebore - 26/09/1961**
**Oorlede - 12/03/2017**

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe

Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV

# Sommer net........














# Indeks / Index


| | |
|---|---|
| SAFPA Excecutives and Area Representatives | 2 |
| Editors Column | 4 |
| David Johannes Sadie - Willie van Zyl | 7 |
| My oupa David Johannes Sadie Ria Brooks | 7 |
| There is a new sherif in town - Christo Britz | 8 |
| Huldeblyk aan Danie Visser - Seppie Esterhuysen | 9 |
| Rus in Vrede Danie Visser - Dawie vd Heever | 12 |
| Beoordeling - Wikus van Niekerk | 16 |
| Boxbeak 2015 - Charl Naudé | 19 |
| André Gunter skryf die volgende | 21 |
| What's so special about pigeons - Simon Jordaan | 22 |
| Is party rasse minder skoubaar? - Christo Britz | 31 |
| Beoordelaars vir SA's 2017 - Benard van Zyl | 32 |
| Questions and answers - Netta Prince | 35 |
| CV van Christo Britz | 38 |
| Die Sierduif - Chris de Bruin | 40 |
| Die prys van 'n duif - Christo Britz | 41 |
| Western Province Roller Club - André Gunter | 42 |
| Karen herstel goed en die skim ontwaak - NAK Smit | 43 |
| Skou en Duiwedae almanak | 46 |
| SAFPA Affiliated Speciality Clubs | 47 |
| Scoreboard and Rules | 48 |



**The Fancy Pigeon**
**Die Sierduif**
**Obtainable from**
**Verkrygbaar by**
**Christo Munnik**
**Fax: 086 541 6011**
**Cell: 076 391 5800**
**E-mail/E-pos**
**cora.christo@gmail.com**

**Graphic Design**
**done by The Editor**
**and Printed by**
**Ring-O-Print**
**Cell: 084 549 6235**
**Cell: 071 284 1393**
**E-mail**
**info@ringoprint.co.za**


## National Ringmaster

**Cell: 082 565 9022**
**Tel: 041 365 7737**
**Fax: 086 730 3489**
**Fax: 086 730 3229**
**E-Mail:**
**safpa.rings@axxess.co.za**
**Banking details:**
**Account Name - SAFPA**
**Standard Bank**
**Tyger Manor**
**Branch Code**
**05-04-10-41**
**Account Number**
**272 692 794**

**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 - 20:00**
**Sunday**
**after 14:00**
**Geen 'Whatsapp' bestellings vir ringe sal aanvaar word nie.**

## *Advertisement Costs*

### *Businesses and non SAFPA members*

**Quarter page R250 Half page - R450**
**3 Quarter page - R650 Full page - R850**
**Colour cover page R1200**

### *SAFPA members*

**Quarter page R100 Half page - R200**
**3 Quarter page - R300 Full page - R400**
**Remember this is only for members wanting to sell something and will only be placed once**

**Die afsny datums vir artikels is as volg:**
**Januarie/Februarie - einde Oktober**
**Maart/April - einde Januarie**
**Mei/Junie - einde Maart**
**Julie/Augustus - einde Mei**
**September/Oktober - einde Julie**
**November/Desember - einde September**

**SAFPA Website - http://www.safpa.za.org**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

## SAFPA Honarary Presidents and Vice Presidents

* **Gerald Orpen** - 1957
* **G Dolley** - 1958
* **Reg Gething** - 1958
* **Mervyn Wightman** - 1962
* **Rev AF Malan** - 1962
* **A Reyneke** - 1965
* **AM Anderson** - 1966
* **A Ingle** - 1970
* **Rev JC Jansen** - 1977
* **Prof JR Verster** - 1977
***Alex Ravenscroft** - 1984
* **Charl Pretorius** - 1987
* **Corrie van Reenen** - 2007
* **Wynand Wessels** - 2010
* **Warren Klopper** - 2014
* **Clive Druce** - 2014
***Stewart Patterson** - 2017

**Renier Lee** - PO Box 2368, Noorsekloof, Jeffreysbaai, 6331 Cell: 082 600 8647
**Pierre le Roux** - 31 Diaz Street, Panorama, 7500 Cell 083 567 0226

## SAFPA Excecutive Committee

**National President - Chris de Bruin**
PO Box 906268, Magalieskruin, 0150 Cell: 082 426 8703 Fax: 012 430 4539
Fax: 086 617 6028 - E-mail: chris.debruin@dcs.gov.za

**National Vice-President - Christo Britz (co-opted)**
PO Box 31840, Fichardtpark, Bloemfontein, 9317. Tel: 051 430 8666
Cell: 083 626 6003 - E-mail: chris@iasafari.co.za

**National Secretary - Dirk Scholtz**
PO Box 21110, Nelspruit, 1200 Fax: 013 733 3048 Cell: 082 452 4229
E-mail: dirk@harmonie.co.za

**National Treasurer - Bertie Wessels**
PO Box 1085, Bothaville, 9660 Cell: 083 733 4191
E-mail: bertie_wessels@hotmail.com

**National Ringmaster - Netta Prince**
PO Box 455, Port Elizabeth, 6000 Tel: 041 365 7737 Fax: 086 730 3489
Cell: 082 565 9022 - Fax: 086 730 3229 E-mail: safpa.rings@axxess.co.za

**National Editor - Christo Munnik**
PO Box 618, Anerley, 4230, Kwazulu-Natal Cell: 076 391 5800
Fax: 086 541 6011 E-mail: cora.christo@gmail.com.

**Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011**

**National Judges Officer - Benard van Zyl**
Kwintstraat 400, Pretoria Tuine, Pretoria, 0082 Sel: 082 921 5228
E-mail: benard@isafari.co.za

**National Webmaster - Daniel Bierman**
PO Box 431, Milnerton, 7435 Cell: 082 940 7377
SAFPA Website http://www.safpa.za.org
E-mail: webmaster@safpa.za.org

**National Youth Forum Representative - Attie van Aswegen**
9 Peeter Street, Môrewag, Kroonstad, 9499 Tel: 056 213 3498
Cell: 082 411 8483 - E-mail: attievanaswegen@gmail.com

## Safpa Area Representatives

**North-of-the-Vaal - Benard van Zyl**
Kwintstraat 400, Pretoria Tuine, Pretoria, 0082 Sel: 083 235 0363
E-mail: benard@iasafari.co.za

**Freestate - Chris vd Walt**
1 Stanton Street, Fichardtpark, Bloemfontein 9301 Tel: 051 522 3074
Cell: 082 378 6447 E-mail: vanderwalt006@gmail.com

**Western Cape - Morné Rix**
PO Box 68, Ottery, 7808 Tel: 021 394 9014 Cell: 076 487 4873
E-mail: mornerix@mweb.co.za

**Northern Freestate - Bertie Wessels**
PO Box 1085, Bothaville, 9660 Cell: 083 733 4191
E-mail: bertie_wessels@hotmail.com

**Eastern Region - At van Jaarsveld**
PO Box 3568, Middelburg, 1050 Tel: 013 245 1700 Cell: 072 368 1214
E-mail: atvanjaarsveld@gmail.com

**Northern Cape - Seppie Esterhuysen**
PO Box 52, Upington, 8800 Tel: 054 332 6288 Cell: 082 559 1132

**Eastern Province - Johann de Beer**
PO Box 3268, Northend, 6056 Tel: 041 466 7443 Cell: 072 399 8952
E-mail: info@mbosman.co.za

**South Western Districts - George Bell**
PO Box 3, Zoar, 6656 Tel/Fax: 028 561 1314 Cell: 083 483 9969
E-mail: bellgeorge@hotmail.com

**Western Transvaal - Awie Esterhuizen**
2 van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, 2571 Cell: 084 682 0143
E-mail: pyp.esterhuizen@gmail.com

**KwaZulu-Natal - Christo Munnik**
PO Box 618, Anerley, 4230, KwaZulu-Natal Cell: 076 391 5800
Fax: 086 541 6011 E-mail: cora.christo@gmail.com

# Editor's column

## Birthdays


Coenie Naudé - 01-Jul
Willie Botha - 02-Jul
Mario Kapp - 02-Jul
D Esterhuyzen - 03-Jul
S Esterhuyzen - 03-Jul
Craig Pitt - 03-Jul
Tiens Meyer - 03-Jul
Petal Renda - 04-Jul
Josef Nel - 05-Jul
Pieter Lourens - 07-Jul
Roelf Buitendag - 08-Jul
Lourens Muller - 09-Jul
Morné Rix - 10-Jul
Chad Armstrong - 11-Jul
Manie van Staden - 11-Jul
J du Plessis - 12-Jul
Hannes de Klerk - 12-Jul
Dawie vd Heever - 15-Jul
Johann de Beer - 20-Jul
Sias de Kock - 26-Jul
Graham Neethling - 29-Jul
Jan Lombard - 05-Aug
E Bezuidenhout - 06-Aug
Renier Lee - 06-Aug
Ken Garrod - 08-Aug
D Reynecke - 08-Aug
WJ v Vuuren - 08-Aug
Koot Serfontein - 10-Aug
Dirk Scholtz - 13-Aug
Chris vd Walt - 13-Aug
Fourie Cronje - 13-Aug
Awie Small - 13-Aug
J Labuschagné - 14-Aug
Ian Singleton - 16-Aug
Piet van Vreden - 19-Aug
Graham Hartley - 19-Aug
D Esterhuyzen - 22-Aug
Dennis Lesar - 22-Aug
Hennie Huyser - 22-Aug
Christo Munnik - 23-Aug
Liam Werth - 23-Aug
Naas Dreyer - 23-Aug
E Oosthuizen - 28-Aug
Christo Britz - 28-Aug
Benard van Zyl - 29-Aug
Jan Wilkens - 31-Aug
Klaas Smit - 31-Aug
WJ v Rensburg - 31-Aug

## Ill members -

Frik Schoeman
Netta Prince
Gert Holtzhauzen

## Deaths -

Danie Visser
Vic Otto
Pieter van Zyl du Toit






Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

## DEATH ~ WHAT A WONDERFUL WAY TO EXPLAIN IT

A sick man turned to his doctor as he was preparing to
Leave the examination room and said,
'Doctor, I am afraid to die.
Tell me what lies on the other side.'
Very quietly, the doctor said, 'I don't know.'
'You don't know? You're, a Christian man,
and don't know what's on the other side?'
The doctor was holding the handle of the door;
On the other side came a sound of scratching and whining,
And as he opened the door, a dog sprang into the room
And leaped on him with an eager show of gladness.
Turning to the patient, the doctor said,
Did you notice my dog?
He's never been in this room before.
He didn't know what was inside.
He knew nothing except that his master was here,
And when the door opened, he sprang in without fear.
I know little of what is on the other side of death,
But I do know one thing...
I know my Master is there and that is enough.'
May today there be peace within you.
May you trust God that you are exactly
Where you are meant to be.
I believe that friends are quiet angels
Who lift us to our feet when our wings
Have trouble remembering how to fly...




SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

**"Beste wat ek ooit gebruik het. Nou 'n jaar in gebruik. Duiwe in top kondisie. Puik verveer en ken nie meer siek duiwe nie. Het ook puik veerkwaliteit"**

Lourens Muller. Die Duiwehoekie. 29/01/2017




# bioworx ANIPRO Aqua

## Probiotika in 'n "teesakkie"

| | |
|---|---|
| bioworx ANIPRO Aqua - 25 x 5g | R109.16 |
| Ander produkte: bioworx AVIANPRO (Brouersgis) 1kg | R104.52 |
| bioworx ENERGYOIL 500g | R176.70 |
| bioworx ENERGYOIL 1kg | R336.30 |

(*BTW ingesluit / Afleweringsfooie uitgesluit*)

NB *Vermy die onnodige toediening van antibiotika, maar moet NOOIT virus-inentings staak nie.*

**bioworx (edms) bpk** 2000/019696/07
Gebou 23 WNNR Meiring Naude Weg Pretoria Tel: 012 841 3540 / 082 879 4208
Faks: 086 562 5805
E-pos: hennie@bioworx.co.za Webwerf: www.bioworx-pigeon.co.za

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011



## David Johannes Sadie

**Willie van Zyl**

Nog 'n groot boom het geval. Op Donderdag 9 Februarie 2017 het ons afskeid geneem van oom David. Hy het die geseënde ouderdom van bykans 91 jaar gehaal. Hy sou op 1 April verjaar het. Sy vrou tannie Ria is Oktober verlede jaar oorlede.

Oom David sal onthou word vir streke en grappe tydens die voorbereiding van die skousaal. 'n Meer hardwerkende lid het ons nie gehad nie. Al was hy 'n hele paar jaar in ouderdom voor ons ander moes ons uithaal en wys om saam met hom te werk.

Wanneer die hokkaarte gehang word moes ons hom ook net dophou. Hierdie kaart word daar anderkant neergesit en daardie een weer hier ens. Dan het hy daar ver gaan staan en kwansuis dit en dat gedoen. Jy moes ook altyd reg wees wanneer hy jou groet dan het hy jou met sy groot sterk hande vasgevat en jou arm 'n donkiebyt draai gegee.

In haar huldeblyk aan haar pa verwys Olivia, die dogter, daarna dat hy in sy graad een skooljaar net die eerste skooldag teenwoordig was en daar en dan besluit het dit is nie vir hom nie en het die res van die jaar weer by die huis gebly.

Hy was ook baie lief vir tuinmaak en het die mooiste roostuin gehad wat ek ooit op 'n erf gesien het. Die kere wat ek daar gekom het was die hele erf onberispelik netjies, so ook sy duiwehokke. Op sy dae 'n baie goeie Waaierstert en Modena teler.

Ons groet jou ou grote.



## My Oupa - David Johannes Sadie

**Ria Brooks Kleindogter**

**9 Februarie 2017**

'n Franse skrywer het gesê: "Mens sien eintlik met die hart. Die belangrikste dinge in die lewe is onsigbaar vir die oog." My Oupa het dit so goed verstaan. Sy tyd en energie het hy gewy aan dinge met ewigheidswaarde. Daarom het ons soveel herinneringe aan hom wat ons nooit sal vergeet nie.

'n Sterk, rateltaai man met 'n sagte hart vol deernis. Geen wonder dat elke kind en dier so aangetrokke tot hom was nie.

Hy het sy lewe lank iets mooi van kindwees met hom saamgedra, jy kon dit sien in daardie ondeunde vonkel in sy oë. Sy kenmerkende grappies, donkiebyte en "tricks" sal ons altyd met soveel lag in ons harte onthou.

In die gemeenskappe waarvan hy deel was, was hy 'n vriend, 'n vriend duisend!

Oupa was 'n wonderlike man vir my Ouma, en saam het hulle van elke huis waarin hulle gebly het 'n herberg gemaak.

Sy pragtige roostuin was die toonbeeld van sy

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

lewenslustigheid, sy waardering vir die natuur en ook van sy mededeelsaamheid.

Deur sy integriteit het hy hom laat lei, onwrikbaar gegrond in sy beginsels.

Hy het voluit geleef, sonder terughou, sonder vrees... oënskynlik onaantasbaar.

Hy was nederig. Hy het respek getoon, en onwetend soveel meer afgedwing.

So opreg, het hy 'n diep indruk gemaak deur net te wees wie hy was.

In een word: 'n LEGENDE!



## "There is a new sheriff in town", en wat 'n span!

**Christo Britz**

Na 'n afwesigheid van 'n paar jaar van alle UK bedrywighede was dit verfrissend om te sien dat die span wat op 28 Januarie om die tafel gesit het, die vermoeë het om die SASV suksesvol die toekoms in te neem, en as ek kan byvoeg: MET VERTROUE.

Ten spyte van potensiaal was ons al die Vrydagaand bekommerd toe een van die manne verdwyn. Heel onskuldig het hy kamer se kant toe beweeg en toe die pad vir hom te lank word, bietjie onder 'n boom langs die pad gaan rus. Gelukkig kon ons die uitgeputte UK lid darem 'n geleentheid kamer toe aanbied.

Terug by die span: Die verskeidenheid van persoonlikhede en talente asook die gesamentlike behoefte om die stokperdjie voor die "eie ek" te stel was deurgaans 'n kenmerk en die gees was deurentyds een van die belange van die lede eerste stel. Hierdie diversiteit het dan ook sinvolle besprekings uitgelok wat beteken dat uitgerekte metodes van heen-en-weer beweeg van een kommittee na 'n ander vermy kon word en punte aangespreek kan word.


SASV lede: julle het 'n bestuur wat jou verteenwoordig, wat jou belange op die hart dra en ons stokperdjie uitbou. Al wat ons kort om die SASV verder uit te bou is dat jy as lid jou energie en vertoue aanwend om hierdie positiewe groep verteenwoordigers van jou stokperdjie 'n kans te gee om die stokperdjie vir jou beter te maak.

Soos altyd is my deur, telefoon en e-pos oop vir jou voorstelle, idees en oplosssings. Kom ons werk nou aan 'n beter more.

**Mag ek bewaar word van:
die wysheid wat niks meer kan leer nie, die wysbegeerte wat nie ruimte laat vir humor nie en die vernaamheid wat nie na 'n kind kan luister nie.**

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377


National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011



## Huldeblyk aan Danie Visser

**Seppie Esterhuysen**


'n Woud is vol bome. Daar is langes, kortes, groottes en kleines. Elkeen het 'n plek, elk met sy besondere eienskappe en funksies. So het elke duiwe-boer sy plek en funksie in die duiwe-woud.



Danie was 'n besondere boom in ons duiwe-woud, 55 jaar jonk, vol passie, energie, kennis en entoesiasme. Al was hy vêr afgeleë van die hoofstroom, was sy bydrae enorm tot die duiwe-stokperdjie.

Gedurende 2013 het hierdie boom skielik siek geword. Dit het geensins sy entoesiasme en ywer gekortwiek nie. Dalk so bietjie stadiger, maar meer as sy deel gedoen. Alles was in die stryd gewerp om die boom te genees. Met die eerste behandeling, ons almal het ons asem opgehou, was die stryd amper gewen, en daar begin die stryd weer van voor. Elke moontlike behandeling is gedoen, maar op 12 Maart 2017 groet ons, ons groot vriend finaal.

Danie Visse is gebore en getoë te Kenhardt. Hy voltooi sy landbouopleiding te Neudam, Namibië. Soos enige jongman van daardie tyd voltooi hy ook




sy weermagopleiding. Hy trou met Elbé, die liefde van sy lewe, en vestig hul daarna op 'n plaas in Namibië. Daar het hul geleer wat droogte is. Danie was voordurend in kontak met duiwe, want sy pa, oom Kotie Visser, was sy lewe lank 'n duiweboer. Sy eerste koopduiwe was Kings, ja hulle was wit, dis al. Kan jy glo daai jare met die trein laat kom!!!! Daarna volg Gros Mondains, Modenas, German Beauty Homers en Brunners. Danie raak verlief op die Gorgueros, voer dit in en versprei hulle deur die land.

Sy eerste streekskou met

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

sy silwer en swael Modenas het hy die idioom van in die land van blindes is een-oog koning,




eers werklik verstaan. Volgens hom was elke kuiken daar vêr op sy Namibiese plaas 'n potensiële kampioen. Toe hy in Suid-Afrika kom skou besef hy hy sal moet werk aan hulle. Oor tyd het Danie 'n stoet opgebou wat hul merk gemaak het op baie skoue. Sy blou barless wyfie het op die SA's in Worcester die oorsese beoordelaar, Willi Reichert, werklik beïndruk. Sy kommentaar, "Die beste barless wat hy nog so ver gesien het" 'n Pluimpie vir enige ernstige teler.

Sy GBH's het hy van sy pa, Oom Kotie Visser, oorgeneem. Met ingevoerde duiwe vanaf Danté Pelser het sy Germans met rasseskrede vooruitgegaan. Sy blougebalkte duiwe is van uitstaande gehalte. Saam het ek en Danie ook kleurprojekte gehad, naamlik Almond, Opal, Lemon - 'n moeilike een, en die laaste een wat nog in sy kinderskoene is, naamlik Qualmond. Die F2's is besig om te verveer!! Baie Top 7 wenners op streek- en nasionale skoue het uit sy hokke gekom.

Sy ander groot liefde was die Brunners, veral wit. Ek en Danie het die liefde vir duiwe gedeel, die ander duiwe het Afrikaans gepraat, maar die Brunnertaal kon ek nie verstaan nie.!!!!. (sorry Rob, Quentin, Christo, Chris...). Uit sy hokke was daar baie raswenners en Top 7 wenners op streek- en nasionale skoue. Die groot kampioen op 'n SA'S het hom egter ontwyk. Danie het dan ook sy erekleure as Teler ontvang. Dit getuig van sy vermoë as duiweteler.

Sy kennis oor kleurteling het daartoe gelei dat hy in sy hokke byna enige kleur vliegduif gehad het. Geen kleur het hom afgeskrik om oor te dra na sy vliegduiwe nie. Afstammelinge van sy kleurprojekte sit in baie duiweboere se hokke. 'n Veer in die hoed vir Danie Visser.

Sy ander groot belangstelling was dit waarmee hy sy daaglikse brood verdien het. Sy plaas, sy



skaap en sy veld. Ons het

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

ure saam deurgebring in die veld, sy Meatmasters (skaap) bekyk, net soos jy jou kan verkyk aan 'n klompie mooi duiwe en natuurlik die veld met sy gras en struike. Danie was 'n voorbeeld vir my ten opsigte van rekordhouding. Van elke stoetdier is daar noukeurig rekord gehou. Hierdie is natuurlik ook oorgedra na sy stokperdjie. Menigte top ramme het uit sy stoet gekom. Hy was dan ook lid van 2 Veldramgroepskemas. Hier het Danie se diere baie goed presteer.




Behalwe sy stokperdjie was hy baie lief vir sy sport, rugby en krieket. Op sy dae was hy 'n kranige rugbyspeler, skrumskakel. Dalk nie meer vandag soos 'n skrumskakel gelyk nie, maar glo my hy kon - rats en vinnig. Toe ek hom die laaste Saterdagnamiddag (11 Maart 2017) bel, was ek verbaas dat hy nie rugby kyk nie, maar 'n bietjie lê. Ek sê hom dis 'n skande. Sy antwoord was "Ek lê nie in die bed nie, maar op die bed". Ja, daar is 'n verskil. Toe besef ek, Danie is siek. Ek het dit vir Chris de Bruin laat weet!!!!!!

Danie het baie vriende in die duiwesport gehad, maar ook baie tussen die Meatmasterboere en in die algemeen. Hy was joviaal met 'n fyn humorsin. Hierdie vriend gaan ons nog baie mis, nie net as vriend nie maar ook sy kennis rakende skoue, administrasie, teling, kleurteling en nog meer. Ons Noordkaap duiweboere het 'n groot steunpilaar verloor.

Ja, Elbé was altyd aan Danie se sy, hetsy met duiwe- of Meatmasterskoue. Sy het hom ondersteun, hoeveel kere die administrasie hanteer of help hanteer. Gedurende sy siekte was sy letterlik sy arm en sy been en altyd geduldig. Geen taak was vir haar te groot om dit vir Danie makliker te maak nie. Ja, hul eerste kleindogter is oppad. En was die oupa opgewonde. Ek glo in die hemel is daar hemelse duiwe, vir Danie sal jy daar kry. En hy sal sy kleindogter daarvandaan beleef !!!


Ja, Danie los 'n groot oop kol in ons duiwewoud. Daar sal nog baie van Danie Visser om die braaivleisvure, op skoue, tydens beoordelings gepraat word. Ons eer sy nagedagtenis.

Ek het 'n groot vriend verloor.




SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229




## Rus in Vrede
## Danie Visser
**Dawie vd Heever**

Ek het Danie ontmoet in die vroeg tagtigs. Ek was op daardie stadium in Marydale en sy pa-hulle op Putsonderwater. Die plaas is so 60 km vanaf Marydale. Ek het menigte dae en naweke daar deurgebring op Edenville. Ek en Oom Kotie het duiwe



gekuier en Tannie Ria het koffie aangedra. Op die stoof het sy baie maal `n afval gehad omdat sy geweet het dat dorpsjapies nie altyd `n skoon afval in die hande kon kry nie. Ek natuurlik,stout oor afval. Oom Kotie was mos die sosiale een wat altyd `n grappie gehad het om te vertel en verder mal was




oor sport. Tannie Ria was die een wat die koers moes hou en altyd dinge kon raakvat. Van vleiswerk af, vark skraap ensovoorts en behoede jou...


Ons het saam baie duiweskoue bygewoon. Ek moes altyd saam met hulle ry. Ek bestuur en hulle maak die pad kort. Blou Isuzu en hordes duiwe en `n kosblik. Danie is na skool Neudamm toe en daarna sy diensplig gaan voltooi. Of andersom. Eers daarna het ek hierdie klein mannetjie met die groot hart ontmoet. Dit was naastenby 1983 of 1984. Hy kom toe plaas toe. Ons was ewe oud. Ek verjaar in Julie en hy in September. Van die eerste dag af baie meer as `n vriend. Hy was `n broer vir my. Sy altyd aansteeklike smile en laggie was eie

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

aan hom en het hom uniek gemaak. Hy was net iemand spesiaal. Geen wonder dat hy die beste meisie ontmoet het nie. `n Vrou van inborste soos Oom Oubaas sou sê. Dit nogal van Copperton.




Danie het nie net tussen duiwe groot geraak nie. Hy was `n gebore duiweboer. Daardie plaas het hokke soveel soos jou hart begeer. Oom Kotie was n kranige Gros Mondain teler. En Jakobyne. En German Beauty Homers. Danie was weer lief vir Modenas. Ek het hom leer ken met sy Modenas en hy het hulle aangehou tot op die einde. Na hy en Elbe getroud is,het hulle Namibia toe getrek en op die plaas Deurstamp gaan bly. Die Suidwes plaas. Daar het hy Gros Mondains ook aangehou. Daai blou Isuzu en ek, Kaptein, soos Nestus my gedoop het, het baie winters na die SA's, koers gekies Deurstamp toe. Biltong voorraad moes mos aangevul word. Saans by die Lister enjin se lig het ons kaart gespeel. Elbe was vroeg soggens op om scons te bak. Wat 'n voorreg om by hierdie twee mense te kon kuier.




Danie kòn duiwe teel. Hy was nooit `n versamelaar nie. Hy kòn `n standaard lees en het die ras geteel soos hy dit lees in die standaard. Baie streng geselekteer. `n Duif moes natuurlik vrugbaar wees om in sy hok te kon oorleef. Hy het nooit gesukkel met onvrugbare duiwe nie. Vas geglo dat jy vrugbaarheid moet vasteel en onvrugbaarheid moet elimineer. Ook geglo dat daar niks tussen reg en verkeerd was nie. `n Duif is reg, of hy is verkeerd. Hy het baie goed op die skoue gevaar, maar was nogal ongelukkig om nooit die groot beker te kon huis toe bring nie. Oom Kotie se German Beauty Ho-


SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



mers het hy geteel en verbeter tot seker een van die beste stoete in die land - indien nie die beste nie. Brunners dieselfde. Hy was nou besig met die Giant Homers. Ongelukkig nooit die eindproduk bereik nie. Verder was `n ander liefde verskillende skaars kleure by duiwe. Die vliegduiwe het `n dubbeldoel gehad. Pleegouers en om met die kleure te speel. Hy het die genetika en oorerwing daarvan uit sy kop geken. Was ook baie lief om van sy gunsteling kleure op die ander rasse oor te dra. As iemand `n snaakse kleur geteel het, sou Danie hom dadelik kon identifiseer.


Toe begin hy Die "Duiwehoekie" op "Face book". Tot op hede is daar ongeveer 1200 lede. Toe Danie begin siek word, het ek nogal geeërd gevoel toe hy my vra om hom te help as "admin" op die blad. Ons het saam gewerk op skoue. Skoue se hokkies opgesit. In die begin gesukkel met baie ou hokkies en materiaal. Alles gee mos later in. Ons het grinders, bore, sweismasjiene en tot die tange en cutters saamgery Kimberley toe om hokkie te gaan repareer en opsit. Met die tyd het dit makliker gegaan. Ons het as `n Noordkaap span ingespring en baie Saterdae na Seppie en André se huis gegaan en rolle draad omgesit in nuwe hokkies en loophokke. Niks was vir hom te veel nie. En hoe hy nog tyd gekry het tussen die Meatmaster telery en skoue en veilings deur, sit nie in enige man se broek nie. Danksy Elbé wat hom in alles 100% ondersteun het. Hy het altyd `n plan "B" gehad. Tussendeur



Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

skiet hy darem nog 'n grap



ook in die warboel in en stoom ons net voort. As hy iets vir jou kon doen, het hy. Duiwevoer vanaf Bloemfontein. Duiwe medisyne van Derrick in Kimberley. Nog vir oulaas my A-ringe saamgebring van Netta af toe hulle nou in PE was.

Toe hy `n paar jaar gelede met kanker gediagnoseer is, het ons beleef hoe moedig iemand sy las kon dra. Hy het hom teë gesit. Vanaf dag een. Niks kry



hom onder nie. Hy is deur chemo, bestraling en die stamsel vervanging. Hy het sy las moedig gedra en was vir my sô 'n aansporing. Hy het net altyd positief gebly. Vir die wat nie weet nie. Met verlede jaar se SA's, het hy nog al die inskrywings gedoen. Van die begin af help skou opsit. Die Donderdag weer weggeglip vir chemo in Bloemfontein en weer Vrydag verder kom werk by die saal. `n Groot applous vir hierdie man en sy vrou Elbé en die kinders wat maar altyd moes regstaan




by sy geliefde stokperdjie waarvoor hy sy alles sou gee.

Groot was die skok dat hy toe in die motorongeluk te sterwe gekom het. Rus In Vrede Danie my vriend. My trane loop nou vryelik. Wat `n verlies vir elkeen wat vir jou omgegee het. Elbé en die kinders kan so trots wees op jou as eggenoot en vader in die huis. Jy was `n pa duisend. Hy

het so uitgesien na sy eerste kleinkind wat vroeg in Mei haar verskyning sal maak. `n Kleinkind wat sonder haar oupa sal groot raak. Ek is seker Oupa sou so `n paar ooitjies vir haar gemerk het. Ons gaan jou verkriklik mis.







## Beoordeling: Nie altyd 'n saak van Konsistensie (Consistancy)

**Wikus van Niekerk**

Die ou beoordelaars wat langer as 20 jaar sierduiwe beoordeel kan seker elkeen 'n boek skryf oor die onderwerp. Dit is maar dieselfde as ander sporte en kultuur goed. Rugby word gespeel deur 30 ouens wat baie moeg is en rus nodig het, maar die spel word gekyk deur 60 000 mense wat baie kritiek lewer en self oefening nodig het. Die toeskouers ken nie die reëls nie en blameer die skeidsregter as die span verloor. So is dit ook maar met die sierduiwe; vertoners ken nie noodwendig die ras standaarde nie en verooordeel die beoordelaar as dit sleg gaan.

**Manipulasie.**

Op een of ander manier moet die vertoner of mede lid die beoordelaar manipuleer dat 'n sekere duif moet wen. Dit manifesteer in verskeie vorms soos verbaal en nie-verbaal, verskuilde maar sigbaar waarneembare manipulasie. Verbaal is baie maklik om waar te neem. Ek is by 'n skou in Noord-Wes. 'n Senior lid van die SASV help om die duiwe aan te dra na die beoordelaarshokke. Hy mag nie juis steward nie want hy het belange in die ras; hy maak die volgende opmerking HARDOP toe hy die duif aan die beoordelaar oorhandig, een van sy eie duiwe: voel hierdie duif, dit is een van (my) die ingevoerde duiwe....

Dan kry jy die vertoner wat gedurig strikke stel vir die beoordelaar om 'n punt te bewys. Wat hy eintlik wil bewys is dat ek (die vertoner) is eintlik OK en die beoordelaar is vaak. Hy wil nooit self optree as 'n beoordelaar nie, maar toets gedurig die beoordelaar se vermoë. 'n Mannetjie word doelbewus as 'n wyfie ingeskryf en KYK daar, my mannetjie het 'n 1ste plek as beste wyfie in die kleurklas. As hy uitgevang

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

word, is dit 'n baie swak beoordelaar. 'n Eier word in die skouhok van 'n ou mannetjie gesit om my opposisie se duiwe vir die skou te diskrediteer- die beoordelaar kom verby en sien dat die ou mannetjie het dan nou 'n eier gelê - diskwalifikasie???

Dan kry'n mens die mikron beoordelaars. Dit is hulle wat gou die eerste mikron grootte foutjie soek om die duif te penaliseer/diskwalifiseer; dit is hy wat perspektief verloor of nooit die perspektief gehad oor die totale konsep van die rasstandaard nie. Ek het in Nelspruit 'n blou Gazzi Modena hen vertoon wat in dieselfde jaar op SA's in PE die beste Ou Gazzi hen was, maar die dag in Nelspruit het die duif 'n klein wit veertjie naby die vlerk rand gehad wat 'getrim" moes wees. Die dag is die duif laaste geplaas in die kleurklas oor die wit veertjie! So kry 'n mens dit by baie ander rasse; die Non word erg gepenaliseer oor een wit toonnael (minorfoutjie), maar die 99% goeiepunte van die Non word nie raak gesien nie. Wat is die minors (kleinfoutjies) en wat is die majors (groot) foute? Die Non wat 'n groot kuif het, met ander woorde die veerlengte in die kuif is lank, so sal veerlengte in die stert ook lank wees. So sal die duif met lang vere in die kam en in die stert as raswenner geplaas word bo die duif wat "cobby" is.

Dan die issue oor skou-voorbereiding. As Non vertoner word ek pynlik beoordeel oor die merke van die duif en die skeiding van die wit en kleur baie duidelik moet wees sonder wit vere in die kleur en kleurvere in die wit. Dit is krimineel en hoog sonde as die Non nie mooi getrim is nie. Maar die reël geld nie vir ander rasse nie byvoorbeeld by die Helmets, Komorners, Lahores, Strassers, Gazzi Modenas, ens. Dit is OK as die rasse nie getrim word nie.

Dan moet ek ook bieg en sê streekbesture is net so skuldig. Ek het in 2016 Runts in Pretora (ver)-oordeel wat in 35 cm x 40 cm hokke geskou is. Op dieselfde skou staan Birmingham Rollers in 'n 40cm x 50cm hok? Die meeste van die Runts se sterte was so beskadig dat nie een van hulle voor 'n kans in die top 7 gehad nie. Die senior beoordelaar sal waarskynlik sê - watter aap het die Runts beoordeel wat duiwe vorentoe stoot wat se stertvere so gebreek is? Ek moes in 2016 die Grosse op die SA's beoordeel. Die hokke se hekke is almal 15 cm x 15 cm (6"x6") Nou hoe gemaak as die duiwe wat jy uit die hokke moet haal ook 6"x6"x6" duim is. Jy kan nie met jou hande in die hok in kom en die duiwe deur die hek uithaal nie. My hande is bloedrooi van die krapmerke en die manne van die swaar-rasklub staan almal met groot oë en gaap. Nie een wat help nie.

Mookee beoordeling. Dit is 'n voorreg om op die SA's duiwe te beoordeel. As beoordelaar hanteer ek elke duif voordat die duif in die loophok geplaas word. Dan kom die skokke - sommige van die duiwe is oormatig getrim om die merke van die wit kop te belyn soos wat die standaard voorskryf, sommer sulke kaal kolle van 3mm breed,veertjies wat met 'n tweezer getrek is. Dan die pogings om die onpaar wit vlerkpenne weg te steek. Ons almal trim duiwe, met ander woorde

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

ons verwyder vere wat nie pas nie. As jy primêre vlerkvere verander om 2 x 2 wit flights te vertoon, moet die vertoner nie kla as hy uitgevang word nie. As 'n mens vere wegvat kan jy seker ook vere byvoeg soos die inplant van wit vlerkpenne. As jy dit doen moet jy net kyk dat die veer wat jy inplant pas by die grootte en struktuur van die duif wat jy met nuwe vere beplant. Die veer moet gelyk geskag en gevlag wees en 'n veer uit die linker vlerk kan jy nie regs inplant nie. Wit penvere wat mee gepeuter word, kan 'n diskwalifikasie word. Lees die standaard: onpaar of geen wit flights kan hoogstens met 2 punte gepenaliseer word.

Die grootste bekommernis by die Mookee is seker die bene. In die meeste rasstandaarde word die vorm, profiel, kleur, grootte, dikte en lengte van die bene en tone beskryf.

Beenplasing - die Mookee standaard sê: "The legs should be free of feathers below the knees. Legs should not be too long or too short and should be in balance with the rest of the body." Die Mookee wat se beenplasing nie reg is nie of wat swak beentjies het,sal nie kan station nie. As die bene te vêr na agter geplaas is, te lank of te kort is, sal die duif plat voet staan, geen bewe aksie vertoon nie en die stert sal te vêr van die grond af lig. Die Mookee is soos die Modena, die Waaierstert en die American Showracer, almal duiwe wat moet station. Die mookee se been moet vorentoe geplaas en sterk genoeg wees om die breë body van die Mookee voor hoog genoeg op te lig dat die stert naby die grond gedra word. Jy kan die mooiste Mookee vertoon met 2 x 2 wit vlugpenne, 'n puik kappie en merke, breë nek en bors, ens, die perfekte Mookee, maar sonder bene wat sterk is en reg geplaas is, kan die duif nie station om 'n goeie plekplasing te kry nie.

En wat van die pelle wat mekaar se duiwe beooreel? Ons ry saam skou toe; ek sal sorg dat jou duif wen en jy sorg dat my duiwe wen. Ek slaap by my vriend in die dorp waar ek môre gaan skou; ek sien die duiwe in sy hokke voor die skou en ek weet dadelik watter duiwe môre gaan wen.

'n Gemiddelde beoordelaar met integriteit is betroubaar en beter as 'n meester beoordeelaar met en 'n agenda sonder integriteit. Hoe lewe 'n mens met jou gewete saam as jy gister oneerlik is met die beoordeling en dan verwag jy môre dat jou duif moet wen as jy oneerlik was in die beoordeling wat jy nou net gedoen het? Eerlikheid en regverdigheid kom uit die Koninkryk van geregtigheid! Nie almal verstaan en lewe dit nie. Ons toets beoordelaars vir ras kennis maar waar leer ons eerlikheid en integriteit?


ROOI en GEEL kaarte vir die vertoners, beoordelaars en skoubestuurders. Ek gaan terug in tyd. Die SA's in 2014 in Bloemfontein. Ek is getrou in die rasse wat ek moet beoordeel - ek probeer regtig my bes om die beste duiwe uit te haal in die rasse wat ek moet beoordeel. As beoordeelaar is dit my missie om by elke skou die beste duif in die ras vorentoe te stoot dat die ras 'n kans staan om in die top 7 te eindig. Maar my eie duiwe word nie met respek hanteer

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

| English Gaint Pouter | Renier Lee |
| Canaria Cropper | Renier Lee |
| Holle Cropper | Rob Lombaard |
| Dutch Cropper | Rob Lombaard |
| Lahore | Wikus v Niekerk |
| Jacobin | Wikus v Niekerk |
| Cauchois | Wikus v Niekerk |
| Runt | Willie van Zyl |





## Questions and Answers

**Netta Prins**

**1. Hoe sluit ek by die SASV aan?**

U voltooi 'n aansluitings vorm vir die spesifieke jaar, met al jou besonderhede ingevul en faks dit vir die Nasionale Ringmeester na 086 730 3489/3229 of e-pos na safpa.rings@-axxess.co.za, skryf asb duidelik en in swart pen.

**2. Hoekom kan ek [die lid] nie net die aansluitings vorm invul en vir die Nasionale Ringmeester stuur nie, dan kan die Nasionale Ringmeester mos die bankstaat nagaan?**

Ongelukkig het ek nie toegang tot die bankstaat nie en om elke dag te verwag dat die Nasionale Tesourier vir my 'n bankstaat moet e-pos is nie altyd moontlik nie. Onthou hy is 'n werkende man en is baie besig en ek werk nie, ons doen dit vrywillig. dit is eintlik die lid se verantwoordelikheid om die bewys van betaling te voorsien dat hy/sy die geld inbetaal het.

**3. indien ek klaar `n lid was kan ek bel en my naam gee of my geld inbetaal en wag vir my ringe?**

Nee, elke persoon moet elke jaar die korrekte jaar se inskrywingsvorm invul, jou besonderhede kon verander het. Help asseblief dat die Nasionale Ringmeester nie haar hare uit haar kop moet uit pluk nie.

**4. As ek my ledegeld inbetaal, sal die Nasionale Ringmeester weet wie dit is?**

Nee jy moet assebblief, of jou naam of jou lid nommer as verwysing insit en nie jou sel nommer nie. Jou lidno is net 4 nommers en sel no is 10 nommers, ek ken nie al die lede se sel nommers nie, en dit verander ook baie gereeld.

**5. As ek geld in betaal het, kan ek ook sê waarvoor dit is byvoorbeeld Mookee Spesialiteitsklub lede geld?**

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Ja asseblief dit sal baie baie help, voeg ook asseblief jou lidnommer by, onthou jou lidnommer is baie belangrik. Jy kan dan ook vir die Spesialiteitsklub se Sekretaris inlig van die betaling.

**6. Kan ek bel om seker te maak die Nasionale Ringmeester dit gekry het?**

Ja ek stel voor dat jy bel en seker maak of sy dit ontvang het, dit sal vir jou tyd spaar.

**7. Wanneer kan ek ringe bestel?**

Wanneer jy hulle nodig het, bestel vroegtydig moet nie wag tot die kleintjies al in die nes is nie dan sal jy moet spoedpos betaal.

**8. Wanneer betaal ek die ringe?**

Saam met jou bestelling moet jy 'n bewys van betaling stuur met die volle bedrag wat inbetaal is, die bewys van betaling strokie is baie belangrik.

**9. As ek verkeerd bereken het en kort betaal wanneer kry ek my ringe?**

Ek sal vir jou 'n sms of epos stuur met die uitstaande bedrag. Wanneer jy die uitstaande bedrag betaal het en die bewys van betaling gefaks het, sal ek die ringe pos.

**10. Hoeveel is die posgeld?**

Dit is jou besluit. Indien jy haastig is en jy het 'n postnet in jou stad sal dit vir jou R99.00 kos en ± 3 dae vat vir die ringe om by jou te wees. spoedpos is tans R90.00 en ± 4 dae en geregistereede pos is R40.00 en ± 7 dae. Vir 0-200 ringe is gewone posgeld R40.00 en vir meer as 200 ringe is dit R45.00.

**11. Wanneer bestel ek die nuwe jaar se ringe?**

Jy kan vanaf Julie bestel en betaal, maar die nuwe ringe word eers na die 1ste Desember gepos, maar nie as u ledegeld nog uitstaande is nie.

**12. Het die SASV 'n afbetaal systeem?**

Ja, ons het 'n afbetaal sisteem kontak die Nasionale Ringmeester vir meer besonderhede en om dit te reël.

**13. Kan ek ringe bestel sonder om my ledegeld te betaal?**

Nee ongelukkig nie, ledegeld moet voluit betaal wees voordat ek die ring bestelling mag pos.

**14. Hoe bestel ek die ander goed op die aansluitingsvorm?**

Jy bestel en voltooi die aansluitingsvorm. Maak seker dat dit leesbaar is [kontak die Nasionale Ringmeester en bespreek dit]. Betaal dit en stuur die bewys van betaling vir die Nasionale Ringmeester

**15. Kan ek gou my ringe bestel, ek het kleintjies in die nes, maar kry eers die einde van die maand geld dan sal ek betaal?**

Jammer die SASV reëls bepaal dat alle bestellings betaal moet word en die bewys van betaling deur gestuur moet word voordat ek dit mag pos.

**16. As ek my ringe vrydag bestel en ek is haastig, sal dit al Saterdag in die pos wees?**

Ek kan dit Saterdag pos maar die Poskantoor stuur geen posstukke uit voor Maandag nie, hulle hou ook naweek. Dit sal dan beter wees as jy van Postnet gebruik, dit kan dan al Dinsdag by jou wees as jou bewys van betaling



Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

aangeheg is.

**17. Kan ek minder as 10 ringe bestel?**

Jammer ongelukkig nie, ringe kan net in hoeveelhede van 10 bestel word.

**18. Kan ek my besteling deur "whatsapp" stuur?**

Nee ongelukkig aanvaar ek nie "whatsapp" of duiwehoekie bestellings nie, dit moet volgens die SASV se reëls bestel word, op die korrekte vorm met die bewys van betaling aangeheg.

**19. As ek nie 'n vorm het nie waar kry ek een?**

Jy kan vir die Nasionale Ringmeester 'n e-pos stuur, en sy sal vir jou een stuur safpa.rings@axxess.co.za of fax 086-730-3489/3229. jy kan dit ook op die SASV se "website" gaan aflaai.

**20. Watter tye kan ek bel of sms vir inligting?**

Maandag tot Saterdag vanaf 08:00 tot 20:00 en Sondag na 14:00. dit is my kantoor ure en, onthou geen lede pla indien hulle by hierdie tye hou nie, dis `n plesier om van julle almal te hoor.


**21. Mag ons, ons ringe saam met 'n mede lid pos?**

Ja u mag maar maak asb voegtyding met die Nasionale Ringmeester duidelike reëlings, in verband met wie pos saam met mekaar as u met Postnet stuur mag die pakkie nie meer as 4kg weeg nie - as dit met die Poskantoor gestuur word moet die gewig onder 1.5kg wees anders moet dit met gewone pakkie pos gepos word [neem omtrent 14 dae]

As daar enige ander vrae is - bel gerus die Nasionale Ringmeester, my inligting is in Die Sierduif.

Baie dankie vir u ondersteuning gedurende die jaar.







***Chris de Bruin***

**Teel met Cauchois, American Giant Runts, Strassers, Swiss Mondains & Gros Mondains.**

**Kontak besonderhede:**

**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**




**Hallo al die SASV lede**

**ek wil graag vir julle belangrike inligting gee**

**vanaf 15/12/2017 tot 04/01/2018**

**sal my kantoor gesluit wees vir ring bestellings**

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377



## Christo Britz - Genomineer vir die pos van Nasionale Vise-President van die SASV

Baie dankie aan die streke binne die SASV vir die vertroue in my gestel om my te nomineer vir die pos van Nasionale Vise-President van die SASV. Op versoek van die Uitvoerende Komitee van die SASV voorsien ek hiermee my CV vir publisering in "Die Sierduif".

**Algemene inligting**

Ek is gebore op 28 Augustus 1969 en matrikuleer in 1987 aan die Hoërskool Sentraal.

Ek begin studeer aan Kovsies in 1988 en behaal 'n graad in personeel bestuur en 'n honneurs in Bemarking met spesialisasie in die bestuur van ondernemingsgroei.

Ek het in 1995 begin werk as Assistent Interne Ouditeur by Metro Cash & Carry en tot 2005 werksaam gewees as Senior Ouditeur(KZN), Takbestuurder en later as die Streeksbestuurder (bemarking) vir die Suidelike deel van Suid Afrika.

Sedert 2006 besit ek Infinite Africa Safari's (Pty) Ltd wat spesialiseer in toere met oorsese kliënte. Ek het dan ook jaarliks hierdeur kontak met duiwevriende van oor die wêreld en het reeds 53 duiwe telers uit 9 lande gehad wat saam met my kom toer het.

Sedert 2013 besit ek en my vrou, Marietjie ook ERA Central Free State (Pty) Ltd en is ons in die gelukkige posisie om bykans daagliks saam by die huis te wees. Ons het die tak reeds uitgebou tot die punt waar dit teen van die 10 beste presterende kantore in Suid Afrika is.

Ek is getroud met Marietjie en het 3 seuns Zander en Marko (nou 12) en Neil (9).

Ek hou daarvan om in die natuur te wees en vir jongmense waardering vir die natuur te leer. Ek is daarom ook betrokke by die Voortrekkers en het Eko-Spoor gestig waar jongmense leer om die natuur op 'n volhoubare manier te geniet.

**Duiwestokperdjie**

Ek het my eerste duiwe,

*P&S Botha*

**Breeders of Fantail, Lahore, Holle Cropper, Muffed Ice Pigeon, African Toy, Old German Owl and Frillback**

**PO Box 6519 Secunda 2302 Cell: 082 467 0996**

**E-Mail: peetsandra@voda mail.co.za**









National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

Modenas en Mookees, in 1973 gekry. Ek het in 1977 my eerste Engelse Langgesigte by Lourens Muller en oorlede Jan vd Berg gekry. Ek het ook soos die meeste Junior lede vir die periode rondom Universiteit en troue nie duiwe gehad nie, maar was na my terugkeer nog altyd lid. Ek is tans besig met my 37'e jaar as lid van die SASV.

Hoewel my pa, oorlede Piet Britz, nooit 'n lid was nie, was hy die Vrystaat se Sekretaris vanaf 1978 en het ook onder andere die administrasie van SA's in 1980 en 1981 in Bloemfontein behartig. Op die sitkamer mat het ek destyds gehelp om hokkaartjies te sorteer en skouringe te pak, voorwaar 'n baie meer arbeids intensiewe taak as die huidige sisteem. Ons huis was die huis waar legendes soos oom Lappies gehelp het met die bou van verbeterde skoulogistiek. Mens kan maar sê dat ek in 'n duiwe-omgewing grootgeword het met Sondagmiddae kuiers by oorlede Hannes Hugo, Jannie du Toit, Jan vd Berg, Kobus Verster en Tikkie van Zyl.

Ek was bevoorreg om die SA's as Junior in 1981 te wen en weer as Senior in 2003. In 2014 het ek die voorreg gehad om die raswenner wat die SA's gewen het te beoordeel, die een trofee wat my nog bly ontwyk het.

Ek het Nasionale kleure as teler, beoordelaar en vir administrasie verwerf.

Ek was deur die jare bestuurslid van onder andere die Modenaklub enTuimelaarklub van Suid Afrika asook bestuurslid van die Vrystaatstreek.

Hoewel ek in alle rasse belangstel, het ek 'n sagte plekkie vir die Engelse Langgesigtuimelaar en het ek die Boxbeak beweging gestig wat sedert 2010 die grootste Engelse Langgesigtuimelaarskou in die Suidelike Halfrond is, aanbied. Ons het reeds sedert 2010 ses besoekende beoordelaars uit onder andere Skotland, Australië, Kanada en die VSA gehad, met 'n sterk moontlikheid van 'n Australiër wat in 2018 sal besoek aflê.

Deur Boxbeak is Suid Afrika moontlik die sterkste land ter wêreld in Engelse Langgesigte (Kaalbeen) en is daar sedert 2010 reeds ongeveer 250 duiwe (Waarvan sowat 120 direk ingevoerde duiwe) aan die lede versprei. Ek glo dieselfde beginsels kan met vrug in meer rasse toegepas word.

**Doelstellings en filosofie(sou ek verkies word)** Buiten die gewone doelstellings van jou beste gee vir die stokperdjie, die stokperdjie se goeie naam beskerm, die grondwet en reëls eerbiedig asook die stokperdjie uitbou, is daar heelwat persoonlike doelwitte wat ek myself ten doel gestel het:

1. Om die bemarking van die SASV op 'n wetenskaplike manier te benader. Om die regte besluite te neem moet die besluite op betroubare en eweknasige inligting geskoei wees.

2. Die fokus van die SASV behoort te skuif van die duif na die lede toe. Met gelukkige lede sal die sierduif oorleef. Fokus eerder op vertoner getalle, lede-betrokkenheid en wat in die beste belang van die lede is as bloot die getal duiwe op 'n skou.

3. Die bemarkingsaan-

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

slag van die SASV moet beide koste effektief en interaktief wees. Selfs museums moedig deesdae interaksie aan eerder as om bloot lewelose uitstallings te bied.

4. Die stokperdjie moet toeganklik en bekostigbaar wees, sonder om die genot van die stokperdjie in te perk.

Die wêreld om ons verander teen 'n geweldige spoed. Ons stokperdjie kan hierby aanpas sonder om die karakter van die stokperdjie te skaad. Strukturele veranderinge, blitsige kommunikasie en interaktiwiteit is die gons woorde van die tyd waarin ons beweeg. Indien ons nie hierby aanpas nie, sal die stokperdjie kwyn.





## Die Sierduif

**Chris de Bruin**

Die Januarie 2017 UK vergadering het Saterdag, 28 Januarie 2017 in Bloemfontein plaasgevind en een van die mees radikale besluite wat geneem was, is dat die Sierduif vanaf Januarie 2018 elektronies sal verskyn en dat daar aan die einde van die jaar `n bundel beskikbaar sal wees vir lede wat dit sou wou koop. Hierdie bundel sal nie deel uitmaak van lede se jaarlikse ledegeld nie en sal apart bestel kan word.

Hierdie besluit was nie ligtelik geneem nie en die volgende faktore het `n groot rol hierin gespeel:

- Die Sierduif maak ongeveer 34% van ons totale uitgawes uit, posgeld uitgesluit. Vir 2017 is daar uit `n totale begroting van R198509.00, R68 323.00 vir die Sierduif begroot, dit sluit nie posgeld in nie wat ongeveer R10 000.00 per jaar is.

- Ons lede sê elke jaar dat ons ledegeld en ring gelde te hoog is en vergelyk dit dan met die NFPA se gelde. Die vraag word dan gevra hoekom kan ons dit ook nie so goedkoop vir ons lede maak nie.

- Kommunikasie in die SASV is `n groot probleem en die huidige


*President*
*Chris de Bruin*
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail:**
**chris.debruin@dcs.gov.za**
**of**
**tiaandebruin@hotmail.com**

Old German Owl Club · S.A.F.P.A Specialist Club ·

*Sekretaris*
*Peet Botha*
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail:**
**peetsandra@vodamail co.za**


Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

slakkepos van die gedrukte media is een van die hoof redes daarvoor. Met die elektroniese Sierduif sal hierdie probleem bykans heeltemal oorkom word.

Die fyner detail van die besluit, soos dat die elektroniese Sierduif net beskikbaar sal wees vir lede moet nog uitgeklaar word. Christo was verder versoek om die 2017 Sierduiwe ook elektronies op die webblad te laat plaas sodat ons lede daaraan gewoond kan raak.

Bertie as Nasionale Tesourier is versoek om dit so in die begroting vir 2018 in te werk en om verskeie opsies vir ledegeld en ring gelde voor te lê vir oorweging tydens die Julie 2017 se UK en AJV vergaderings.

Die UK besef dat daar lede is wat nie toegang tot die elektroniese media het nie en ons sal vindingryke maniere moet vind om hulle te kan akkommodeer.

Kom ons gebruik 2017 as `n proeflopie om te kyk hoe die elektronies Sierduif gaan werk.





## Die prys van 'n duif:

**Christo Britz**

'n Saak het twee kante.

Hier is nou vir jou 'n saak met twee kante as jy al ooit een gesien het! Kom ons bekyk eers die saak van die kant van die koper af:

Die koper, wat gewoonlik maklik daarmee is om vir sy hond (wat hy nooit gaan skou nie) 'n paar duisend rand uit te haal, is baie keer 'n man wat voel dat duiwe slegs 'n stokperdjie is. (Nou nie dat sy hond 'n besigheid is nie, maar dit is darem sy troeteldier). Stokperdjies moet vir die liefde van die saak gedoen word en geld behoort volgens die koper nie 'n rol te speel nie.

Die verkoper sien weer 'n ander sy van die saak. Die verkoper het dalk sy stoetduiwe ten duurste aangekoop of dalk selfs ingevoer om sy genepoel te verbeter. Die verkoper hou by sy medikasie programme en gee 'n top gehalte kos, wat meebring dat hy jaarliks die skou resultate het om te wys. Van skouresultate gepraat, die verkoper spandeer heelwat tyd en onkoste op skoue en hoewel dit vir hom lekker is, is dit 'n addisionele koste-faktor. Hoewel die verkoper nie baie duiwe aanhou nie, is sy onkostes om 'n duif te produseer as volg:

Aankoop van 'n goeie paar stoetduiwe: R4 000, Jaarlikse duiwekos R8 000, vitamines ens. R8 000. Die totaal vir die jaar se produksie is R20 000. (Eintlik meer as mens die ringe, ens. in ag neem, maar ons wil nie nou te tegnies raak nie)

Die getal jonges wat hy geteel het is 50, waarvan 10 werklik besonders is. Dit is reeds in een van hierdie 10 wat die koper belangstel. Dit het die verkoper dus R20 000

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

gekos om die 10 te produseer, wat 'n gemiddeld van R2 000 per jonge is. Die verkoper wou graag R1000 gehad het en voel hy het R2000 gespandeer om die gehalte jong duif te produseer en dus reeds die koper met R1000 gesubsidieer.

Wie reg en wie verkeerd is, is 'n kwessie van perspektief. Op die ou einde sal mark kragte seker bepalend wees. Ek weet egter dat as ek moes kies tussen weer ongeveer honderde duisende spandeer om stoete in te voer en 'n ander teler eerder 'n paar duisend rand vir 'n duif aan te bied, verkies ek laasgenoemde.



## Western Province Roller Club

**André Gunter**

Die klub is in 2013 gestig. Morné Rix is die President en André Gunter Visie President. Vanaf Maart tot November word kompetisies gehou op die laaste Saterdag van die maand. 2014 en 2015 was André Gunter klub kampioen en 2016 was dit Johan le Roux.

Om rollers te vlieg in die Kaap is glad nie maklik nie. Die roofvoëls is bedrywig en die wind is baie dae te sterk om rollers te vlieg. Ons het al "kits" opgesit en binne 5min jaag die valke hulle uitmekaar of die wind waai hulle weg.


Behalwe ek, weet ek van nog 3 telers wat ± 100 kuikens elke jaar teel. Ek kan ook noem dat ek nog nooit n vol "kit" kon opsit nie. Daar was ook al kompetisies waar ek duiwe moes bysit wat nog nie rol net om 15 te kon vlieg. Maar dit keer ons nie om deel te neem nie.

WPRC is op die oomblik 6 aktiewe lede wie elke maand deelneem. So dis 'n roete van 98km wat ons op kompetisie dag moet aflê.

Na elke kompetisie braai en kuier almal lekker saam. Ek het nog nie by 'n ander duiweklub gesien dat die manne so lekker saam kan kuier nie. Daar is ook altyd manne wat grappe maak en die volgende dag voel jy dit aan jou maagspiere van al die lag.

Ons het die jaar weer 'n skou gehou. Johan le Roux het die beste duif vertoon. Morné Rix het die duiwe beoordeel. Moet sê dat hy 'n goeie "job" gedoen het. Dit was ook goed dat almal se wederhelftes die dag saam met ons kon deurbring.

Al die lede het nou al "kits" om te vlieg en ons kry nog 'n nuwe lid by. So ek sien uit na volgende jaar



Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

## Oostelike streek hou vergadering

**Christo Dippenaar**

Saterdag, 21 Januarie, het die Oostelike streek 'n vergadering op Nelspruit gehou.

Die gasheer was Jan Labuschagne, 'n jarelange duifliefhebber en -teler, en ook huidiglik sekretaris van Oostelike streek.

Na die amptelike vergadering afgesluit is, het die lede en gaste na Jan se hokke beweeg waar duiwe van lede beoordeel is. Die beoordeling is gedoen deur Pieter Lourens en Jannis Esterhuizen. Ons noem dit 'n "bragdag"('n geleentheid waar lede jong duiwe kom vertoon). Elke lid kon een duif per ras vertoon. Pieter Lourens het die beoordeling met deurlopende kommentaar behartig.

Ek as nuweling, onervare duiweboer kan opreg getuig dat dit vir my van onskatbare waarde was. Hierdie beoordeling het op 'n informele manier plaasgevind en alle lede het die vrymoedigheid gehad om insette te lewer. Ek het weereens tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n groot verskil is tussen teorie en praktyk.


Die kampioenduif van die dag was n Waaierstert van die Streek President, At van Jaarsveld en die reserwekampioen was 'n Archangel van Simon Jordaan. Die Junior kampioen was 'n Barb van Zak Roux en die reserwe kampioen Junior 'n Portuguese Tumbler van Liam Werth.

Tydens beoordeling van die duiwe is die braaivleisvure aangesteek en 'n lekker informele braai en kuier het gevolg.

Die volgende vergadering sal op Saterdag, 18 Maart gehou word.



Groete



## Karen herstel goed en die Skim ontwaak

**NAK Smit**

Nak Smit Ons dank aan die Hemelse Vader vir die wonderlike herstel van Karen na 'n delikate operasie.

Nadat Jannie Swanepoel my gekontak het oor 'n aantal Gros Mondains het ons kontak behou en gesels ons op 'n gereelde basis op "Whatsapp". Na ek my Gros Mondains en Kings verkoop het, het ek besluit om hom te help met die seleksie van sy Kings.

Ek het vir baie jare Kings geteel en was ook lid van die Amerikaanse King Klub. Ek gaan nie uitbrei waarop ek konsentreer nie, want dan verklap ek die teelgeheime. Sedert ons hierdie gedugte kombinasie gevorm het, het Jannie reeds op 9 streekskoue onder die Top 7 geëindig. Een keer Reserwe Kampioen 2014 SA's en eenkeer die Kampioen 2015 SA's. Onder Top 7 2016 SA's. Alles met wit Kings.

In 2013 was die duiwe ingeskryf vir die SA's, toe breek 'n virus in sy hok uit en moes hy alles

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org


National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

kanselleer. Nogtans wen 'n King van Matt Willemse. Daarna het net een man die wenners podium wat Kings aanbetref, bestyg. Om 3 jaar agtereen volgens met 'n familie wit Kings in die Top 7 te eindig wil gedoen wees. Hierdie man praat nooit groot en beweeg geruisloos, maar in die teel hok en skoue slaan hy die kitaar, met veral wit Kings.

Ek glo werklik die Skim bestaan. Of hy ooit luister na wat sy raadgewer sê weet ek nie, maar as dit geluk was, moes hy al die Lotto en Power Ball 3 keer gewen het.

Soos alle rasse is daar vele aspekte waarna gekyk moet word en veral as jy eers 'n SA Kampioen in daardie ras vertoon het, raak die seleksie net al hoe strenger om 'n hoë standaard te handhaaf. Sy King familie wat oor 'n periode van 8 jaar presteer het moet as 'n uitstaande stoet beskou word. Ons maak wel van kleur Kings gebruik om sekere eienskappe in wit en kleur Kings te verbeter. Elke keer as ek dink daar kan nie iets beters geteel word nie, dan verras Jannie my met 'n wit of kleur King.

Gros Mondains geskou het. Dit is maar 'n ras waarin ek nogsteeds baie belangstel en sou ek graag weer dieselfde kleur naamlik blou swart gebalk



Sjoe, maar die man ken van Kings in groot getalle teel.

Vanjaar is dit 30 jaar gelede dat ek die SA Kampioen, ook in jaaroud klas met 'n Gros Mondain vertoon het waar ek net 4 soos op foto gesien wou invoer. Show Racers ken ek nie eintlik nie, ek teel hulle net.

Groete en teel die kampioene



**God kan vir jou die Lewe gee, maar kan dit nie vir jou lewe nie.**

**Alles begin en eindig by God. Hy is die Alfa en Omega.**



Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org




Jan Lombard besig om Nonne te beoordeel tydens die Amerikaanse Nasionale Jongduifskou in Louisville, Kentucky - Oktober 2016. Die kampioen was 'n swart jong hen, ringnommer 313, geteel deur John Heppner. Dieselfde duif is ook op die pas afgelope Grand National aangewys as kampioen Non deur die beoordelaar Gerald Weibe. Jan het ook in 2015 die Nonne beoordeel in Penrith op die Australiese Kampioenskapskou. Hy gaan DV Modenesers beoordeel op die 2018 Grand National in Amarillo, Texas.

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# 2017 Skou en Duiwedae almanak

| | | |
|---|---|---|
| **22 April 2017** | - | **Weskaap Jongduifskou** |
| Christo v Vuuren | - | 084 602 1316 - Christo@bhome.co.za |
| **06 Mei 2017** | - | **Noord Vrystaat - Welkom** |
| Attie van Aswegen | - | 082 411 8483 - attievanaswegen@gmail.com |
| **13 Mei 2017** | - | **Oostelike Provinsie - Port Elizabeth** |
| Johann de Beer | - | 072 399 8952 - info@mbosman.co.za |
| **13 Mei 2017** | - | **Oostelike Streek - Ermelo** |
| Christie Roux | - | 082 324 6590 - rouxpetro1@gmail.com |
| **20 Mei 2017** | - | **Noord-van-die-Vaal - Pretoria** |
| Nollie Oosthuizen | - | 082 655 0659 - corppay@mweb.co.za |
| **20 Mei 2017** | - | **Weskaap - Malmesbury** |
| Christo v Vuuren | - | 084 602 1316 - Christo@bhome.co.za |
| **27 Mei 2017** | - | **Vrystaat Streek - Bloemfontein** |
| Raymond Hohls | - | 083 303 9865 - RHohls@mweb.co.za |
| **27 Mei 2017** | - | **Bodemtuimelaar Prestigeskou - Bloemfontein** |
| Bertie Wessels | - | 083 733 4191 - bertie_wessels@hotmail.com |
| **25 - 27 Mei 2017** | - | **Noord Kaap - Upinton** |
| Danie Visser | - | 083 390 0860 - dvisser@lantic.net |
| **03 Junie 2017** | - | **Suid-Westelike Distrikte - Hartenbos** |
| George Bell | - | 083 348 9969 - bellgeorge@hotmail.com |
| **03 Junie 2017** | - | **Wes-Transvaal - Makwassie** |
| Awie Esterhuizen | - | 082 682 0143 - pyp.esteruizen@gmail.com |
| **04 tot 08 Julie** | - | **Homerklub Prestigeskou - Pietermaritzburg** |
| Attie van Aswegen | - | 082 411 8483 - attievanaswegen@gmail.com |

**04 tot 08 Julie 2017 - SA Kampioenskapskou - Pietermaritzburg**
Hennie Hattingh - 082 923 3910 - henniehattingh703@gmail.com
**Hoofbeoordelaar - Pierre le Roux - Alternatief - Renier Lee**

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

## SAFPA - Affiliated Speciality Clubs

### American Showracer Club of South Africa
Pres: Raymond Hohls - 083 303 9865 - Sec: Matt Willemse - 082 807 3825

### Birmingham Roller Exhibition Club of South Africa
Pres: Christo Munnik - 076 391 5800 - Sec: Raymond Hohls - 083 303 9865

### Blower Club of South Africa
Pres: Jan Labuschagné - 083 491 2919 - Sec: Dirk Scholtz - 082 452 4229

### Chinese Owl Club of South Africa
Pres: Lourens Muller - 076 570 3289 - Sec: Hendriena Swanepoel 073 245 7993

### Colour Pigeon Club of South Africa
Pres: Awie Esterhuizen - 084 682 0143 - Sec: Peet Botha - 082 467 0996

### Fantail Club of South Africa
Pres: Coenie Naudé - 081 502 7769 - Sec: Willie v Rensburg - 082 787 8701

### Frill Club of South Africa
Pres: Stewart Patterson 082 457 2919 - Sec: Koot Serfontein - 071 113 1669

### Heavy Breed Club of South Africa
Pres: Jannie Swanepoel - 072 279 9299 - Sec: Chris de Bruin - 082 426 8703

### Homer Breed Club of South Africa
Pres: Raymond Hohls - 083 303 9865 - Sec: Attie van Aswegen - 082 411 8483

### Modena Club of South Africa
Pres: Ruben Kitching - 082 434 9808 - Sec: Hennie Bosman - 082 838 1417

### Mookee Club of South Africa
Pres: Attie van Aswegen - 082 411 8483 - Sec: Ruben Kitching - 012 548 5806

### Parlour Tumbler Club of South Africa
Pres: Chris vd Walt - 082 378 6447 - Sec: Bertie Wessels - 083 733 4191

### Strasser Club of South Africa
Pres: Edu le Roux - 087 150 4614 - Sec: Chris de Bruin - 082 426 8703

### Trumpeter & Toy Club of South Africa
Pres: Gert Venter - 076 546 5613 - Sec: Wikus v Niekerk - 012 653 7105

### Tumbler Club of South Africa
Pres: Bertie Wessels - 083 733 4191- Sec: Christo Britz - 083 626 6003

### Wattle Breed Club of South Africa
Pres: Attie van Aswegen - 082 411 8483 - Sec: Matt Willemse - 082 807 3825

**SAFPA Website - http://www.safpa.za.org**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

## Rules

1. The duration of the competitions will be from 1st July to 30th June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A report about a match meeting will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which ***increases*** its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Reëls

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van 1ste Julie tot 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk-Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal ***verhoog*** soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat R850 aan 'n advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

### Order from the National Ringmaster:

| | |
|---|---|
| 1. Book of Standards | R180 each |
| 2. Chris Blaauw book for beginners | R 30 each |
| 3. SAFPA Judges list | R 20 each |
| 4. Membership List | R 20 each |
| 5. SAFPA ties (Navy blue) | R 60 each |
| 6. SAFPA Pocket badge (Navy blue) | R 35 each |
| 7. SAFPA Area scroll (Navy blue) | R 30 each |
| 8. SAFPA Honour scroll (Navy blue) | R 30 each |
| 10. Metal Member & Judges scrolls | R 50 each |
| 11. National pocket badges (Green) | R 40 each |
| 12. National Honour scrolls (Green) | R 30 each |
| 13. National Ties (Green) | R120 each |

**All prices excludes Postage contact Netta Prince for correct postage**

## Score board

### Bankofs Shield

| | |
|---|---|
| 1. North-of-the-Vaal: | 4606 |

### Manie Fourie Trophy

| | |
|---|---|
| 1. Northern Cape: | 2964 |
| 2. Eastern Region: | 2484 |
| 3. KwaZulu-Natal: | 2309 |
| 4. Western Cape: | 2100 |
| 5. Eastern Province: | 1556 |
| 6. Northern Freestate: | 1128 |
| 7. Freestate: | 950 |
| 8. Western Transvaal: | 950 |
| 9. SW Districts: | 0 |

### Bertie Wessels Trophy

| | |
|---|---|
| 1. KwaZulu-Natal | 850 |
| 2. SWD | 850 |

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

# Gorguero Pouter












**Top to bottom show how the wattle change with age**









# Capuchines













Old Dutch Capuchine

